


# WEEK 6

## KERNGEDAGTE: Om Jesus te leef.

Om ons Volg reeks af te eindig, wil ons elke familie uitdaag, om Jesus op 'n praktiese manier uit te leef. Ons het gedurende die reeks, deurlopend gebid dat elke kind sal sien dat hulle nie sonder Jesus kan lewe, dat hulle sal kies om Jesus te volg en Hom sal waardeer bo alles.

Ons is opgewonde om te sien dat elke kind sal groei in hulle liefde vir Jesus en vir Hom sal leef met alles wat hulle het. So sal Jesus ook deur hulle gesien en gehoor word. Ons lewe en wys 'n Jesus gesindheid deur te gee, deernis te hê en met die besef dat ons God se natuur reflekteer.

Wanneer ons Jesus deel maak van ons daaglikse lewens, sluit dit ook goed in soos musiek en dit waarna ons kyk.  Dit is belangrik om te weet waarna kinders kyk, en watter waardes, taal en leefstyl aangehits word.

Soos ons Bybelvers: 1 Korintiërs 10:31 – "Of jy eet of drink, leef jou lewe op so 'n manier, dat dit God sal eer en verheerlik". (TPT)

Mag julle as gesin die beste manier vind om Jesus te leef, wetende dat God elkeen uniek gemaak het.

# FAMILIE TYD!

## Aktiwiteit:

Neem beurte om iemand in die familie, wat almal ken, na te maak. Almal moet raai wie die persoon is. Dit kan wees deur woorde te gebruik, wat die persoon baie gebruik, of dit kan wees dit waarvan die persoon hou of om iets te wys wat die persoon bekend voor is.

Maak ‘n “Dink voor jy Praat” plakkaat. Plaas dit waar almal dit kan sien, lees en onthou.

D- Dankbaarheid
I- Inspireer
N- Nodig
K- Ken mekaar

As jy ‘n goeie voorbeeld vir ander mense wil wees, doen dit met jou woorde. Met woorde wat waar, hulpvaardig, en vriendelik is. Leef elke oomblik vir Jesus en om Sy wil te volg.

# PRAAT DAAROOR!

Praat saam en maak ‘n doelwit-plan om God eerste te stel in julle gesin.

- Begin deur ‘n gesprek te hê oor hoe die kinders voel en luister na hulle voorstelle en idees, asook dit waarin hulle goed is. Hou ‘n dinkskrum oor al die idees en skryf dit neer op ‘n witbord. Moedig hulle aan en herinner hulle aan hoe hulle hierdie vaardighede geleer het.

- Praat oor prioriteite - soos wat dink julle is die belangrikste dinge in die lewe? – Besluit hoe en waar julle tyd as ‘n familie saam sal spandeer.

- Praat oor diensbaarheid en wat julle almal saam kan doen! Byvoorbeeld, besoek ‘n ouetehuis, doen liefdadigheid in die gemeenskap en gasvryheid.

## Vrae:

1. Waar of Vals: Die goed waarna jy kyk beïnvloed jou gedagtes en hart!
2. Hoekom is dit belangrik om op God te fokus en om weg te bly van sonde?
3. Hoe kan jy vir Jesus leef?

## Familie Gebedstyd:

(*DIs belangrik om, elke dag te bid vir God se leiding in hoe om julle kinders groot te maak. Bid vir jou kinders om vir Jesus te leef met alles wat in hulle is).*

Ons Hemelse Vader, ons dank U vir elke leersame oomblik. Ons bid as 'n gesin dat ons wysheid sal nastreef en vir U sal leef met alles wat ons sê en doen. Beskerm ons harte teen versoekings en help ons om U plan uit te leef. In Jesus naam.

Amen